

Met die Here, vir mekaar en uit na die wêreld!

Die Boodskapper

Kantoor: 082 712 4629 (ook op Whatsapp) / admin@gkbo.org.za

Oggenderediens (9:00) : Ds Brahm Robinson

Vooraf: Ps. 45: 1,2,9 en 10 (Totius)

Votum en groetseën

Sing: Ps. 68: 2,5,6

Geloofsbelydenis

Wet van die Here: 1 Joh 1:7-2:6

Sing: Sb. 9-3: 1,2

Gebed

Sing: Lied 436: 1,2,3

Woordbediening

Skriflesing: Kol 3: 12-15

Tema: *Geliefdes van die Here wat mekaar liefhet!*

Bevestiging van ouderlinge

Sing: Lied 466: 1-4

Gebed

Liefdegawes

Sing: Sb.9-4: 4,5,6

Seën van die Here

English Service (16:30) : Rev Tshidiso Moletsane

Greeting and Benediction

Sing: To God be the Glory

O Lord, my God

Great is Thy Faithfulness

Apostolic Creed

Ten Commandments

Scripture: Romans 12: 1-2

Theme: *The Discipline of renewing your mind*

Prayer of Thanks

Sing: Here I am to worship

Have Thy own way

Benediction

Doxology for the Blessing

Aanderediens (18:00) : Ds Jaco Linde

Votum en Groetseën

Sing: Sb. 1-1: 1,2,3

Gebed

Sing: Lied 422: 1,2,3

Skriflesing: Kol 2; Teks v13; HK So 30 V/A 80

Tema: *Mis ons iets?*

Sing: Ps. 118: 12,13,14 (Totius)

Seën van die Here

Waarvoor kan ons bid?

- Bid dat die komende munisipale verkiesing met verantwoordelikheid benader sal word, dat ons ook daarin as getuies vir Christus optree.
- Bid vir mede-gelowiges wat dikwels onder moeilike omstandighede en met groot opoffering hulle roeping in dienslewering aan die samelewing uitleef.
- Bid dat elkeen al hoe beter sal verstaan wat dit beteken om deel van God se huisgesin te wees en dat die Here ons sal help om ander gelowiges opreg lief te hê, ook wanneer ons van mekaar verskil.
- Bid dat ons as gemeente bereid sal wees om mekaar te vergewe, mekaar se laste te dra en mekaar met geduld te behandel.
- Bid dat daar in GKBO 'n kultuur van omgee, gasvryheid en onderlinge verantwoordelikheid sal wees.

Chri-sante: Panorama en Louis Leipoldt: Misha van Wyk: 084 899 5676

Alle Hospitale: Cornelia Jansen / Cape Gate: Ida v Dolderen

WEBTUISTE: <https://www.gkbo.org>

Ds Brahm Robinson: 064 656 1374

brahmrobinson@gmail.com

Ds Jaco Linde 062 552 5492

lindejaco@gmail.com

Kerkkantoor/whatsapp: 082 712 4629

admin@gkbo.org.za

Kassier: 083 659 1301

kassier@gkbo.org.za

Kosters: Elfriede / Melanie 083 636 9840 / 084 308 3118 koster@gkbo.org.za

KOLLEKTES: VANDAG : Diakonale Kas en Bolandse Bedieningsfonds

Sondag 25 Oktober : Diakonale Kas en Instandhouding v d Erediens en GK Elsie'srivier

VANDAG:

Orrel: Anna-Marie Alkema

Projektor: Andries Venter

Teeskink: GF25; GF27; GF31; BL1; BL2; BL4

Parkeerterrein: André Vollgraaff

Sondag 25 Oktober:

Carike Byker-Nel

Jenny Wendt

GF29, GF30; BR1 en BR3

Matt Venter en Lea Robinson

KERKRAAD DIENSBEURT: VANDAG: Stefan Swanepoel en Gerrit van Milligen

Sondag 25 Oktober: Kobus van der Walt en Jan Venter

DAGBOEK 18 Oktober tot 25 Oktober

VANDAG	Gebedsgeleentheid	Gebedskamer	8:30
Di 20/10	Griefshare sessie 10	GKBO konsistorie	9:30

Bybelstudies

Ma 19/10	Aand Bybelstudie (Eugene)	GKBO	19:00
Ma 19/10	Kerkraad Bybelstudie	GKBO	19:00
Woe 21/10	Oggend Bybelstudie (Brahm)	GKBO	10:00
Do 22/10	Bestuursouderlingevergadering	Aanlyn	07:30
Do 22/10	Studente Bybelstudie (Jaco)	Aan huis by Jaco	19:00
So 25/10	Hervormingsdiens	GK Bellville	18:00

Van die Kerkraadstafel:

Ouderlinge

Die volgende broeders het die roeping as ouderling aanvaar:

Willem (WL) de Villiers; Wiehahn (W) Jacobs; Muller (HM) Lourens; Dawie (DJ) Loots; Douw (DG) Steyn; Mias (JJ) van der Walt; Johannes (JM) van Graan; Adriaan (AV) van Wyk; Lucas (LM) Venter; Jacobus (JPH) Wessels.

Hierdie broeders word DV vanoggend tydens die oggenderediens in die amp bevestig.

Ons bid hulle die seën, wysheid en insig van die Here toe met die uitvoer van hul roeping.



GK Bellville nooi almal hartlik uit na die gesamentelike erediens ter viering van Hervormingsdag.

Sondag 25 Oktober 18:00

GK Bellville – oorkant Louis Leipoldt hospitaal in Broadwaystraat, Bellville

Griefshare: Komende Dinsdagoggend word **sessie 10** van die derde Griefshare program aangebied. Dit vind plaas in die GKBO konsistorie om 9:30.

Geloofsfamilie-meningsopname

Ons nooi alle lidmate uit om 'n geloofsfamilie-meningsopname wat ons in Oktober wil afhandel te voltooi. Die doel is om lidmate se behoeftes en belangstelling in geloofsfamilies beter te verstaan, sodat ons saam kan beplan hoe hierdie groepe onderlinge meelewing, ondersteuning en geloofsgroei in ons gemeente kan bevorder. U insette is welkom, veral indien u nie tans by 'n geloofsfamilie betrokke is nie.

Die elektroniese vorm kan oopgemaak word deur die QR-kode in hierdie berig met u selfoon se kamera te skandeer en die vorm oop te maak. Die GKBO-kantoor of u ouderling sal ook sover moontlik die skakel per WhatsApp aan u stuur. Alternatiewelik kan u ook die onderstaande skakel gebruik om aanlyn in te vul:



<https://gkbo.kalah.app/vorms/kleingroepe-2026>

Lidmate wat verkies om nie die elektroniese vorm te gebruik nie, kan 'n papierweergawe agter in die kerk kry.

Beide elektroniese en papier meningsopnames is doelbewus anoniem en U word aangemoedig om u eerlike ervarings en opinies deur te deel ten einde 'n akkurate beeld van geleenthede en uitdagings rakende geloofsfamilies te verkry.

Ons beoog om resultate vanaf 26 Oktober te konsolideer vir verwerking en sal dit waardeer indien u teen Sondag 25 Oktober u insette sal indien.

Baie dankie vir u deelname en waardevolle insette.

Meelewing:



- **Guillaume Uys** het baie verswak na sy hartaanval en is verlede Saterdagagaand deur die Here kom haal. Ons is saam met Bets en haar familie baie hartseer oor die verlies en ons bid hulle die vertroosting van die Here. Die troosdiens is reeds Vrydag gehou.
- Ons herinner aan **Len Kruger** se troosdiens wat volgende Vrydag 23 Oktober om 14:00 vanuit ons kerkgebou gehou word.
- Marie Wüst was vir 'n kort rukkie in die hospitaal vir behandeling maar sterk weer tuis aan. Ons is dankbaar vir die beterskap.

Gelukwensings:

Hartlik geluk aan die volgende lidmate:

Anja Blignaut en André Janse van Vuuren is op Saterdag 10 Oktober in die huwelik verbind. Hartlik geluk aan julle en so-ook aan pa Handri en ma Eleine Blignaut.

Anru Juckers en Lee-Ann Mitchell het ook onlangs die knoop deurgehaak. Ons wens elke paartjie hartlik geluk en bid hulle 'n lang en gelukkige verbintenis toe.

Peet en Marietjie van Biljon het vir die eerste keer oupa en ouma geword met die geboorte van Ludwig en Giselle se eerstelingdogtertjie, Isabella Anne. Ons is saam met hulle baie opgewonde oor hierdie nuwe kleinding in hul lewens. Mag sy vir julle ook 'n groot vreugde wees.

Die Veterane gaan kuier by oom Jan se plaas.

Op 19 Oktober word 'n uitstappie beplan na die Kasteel die Goeie Hoop in Kaapstad. Pensioenarisse kan die besoek meemaak teen R25 per persoon.

Na die besigtigingstoer geniet ons iets in die restaurant in die Kasteel.

Laat asseblief teen Saterdag 17 Oktober van jou hoor as jy saamkom. Skakel Hettie by 083 336 0012 of Anton by 082 777 7599.

Daar is genoeg parking beskikbaar op die kasteel se terrein

Datum: **19 Oktober**

Tyd: Ons kom om **9:00 by die kerk** bymekaar om saam te ry.

Kan jy help?

Een van die lidmate wat die Engelse dienste bywoon, is dringend op soek na enige werksgeleentheid. Sy het ervaring in tuisversorging vir bejaarde/siek mense. Sy doen ook goed naaldwerk, maar is bereid om enige werk te doen om 'n inkomste te genereer. Sy woon in die Eversdal omgewing.



Indien u kan help, kontak asseblief vir Joe Voogt by 082 920 3057.




Mediateek

Hoe verstaan en hanteer ek die hoekoms en waaroms in die lewe?

Lees gerus hieroor en word bemoedig en bemagtig:





14 NOVEMBER 2026

GKBO ROEI

DIE BREEDE RIVIER

R800 pp

Etes, vervoer & kanoes ingesluit

BESPREKINGS SLUIT
9 NOVEMBER 2026

Beperkte plek beskikbaar.

Kontak asb. vir Wagner Human om jou
plek te bespreek.

 **083 235 3727**

**Geen kinders onder 14 jaar*

Hier is die skakel om plek te bespreek:

https://docs.google.com/forms/d/e/1FAIpQLSeU_aGhvI4HyO0hR648qomHhHdouIUvhfLOc8QuBASrOfx6GA/viewform?usp=sharing&ouid=115055624015156791864

Verjaarsdae

Hartlike gelukwense aan al ons lidmate wat hierdie week verjaar. Mag julle almal 'n mooi dag en baie geseënde nuwe lewensjaar van die Here ontvang.



Sondag	18/10	ANNELIZE	MULDER	GF11
Maandag	19/10	CARLA	ENSLIN	GF23
Woensdag	21/10	RENIER	JANSEN VAN VUUREN	KU3
		ILSE	OOSTHUIZEN	TY2
Donderdag	22/10	LISE	VENTER	GF26
Vrydag	23/10	COENRAD	ERWEE	GF19
		MARIKA	KRUGER	GF19
		ELRIKE	BOTHA	GF23
Saterdag	24/10	BRAAM	DU PLESSIS	KU3
		BRIAN	MEINTJES	BL2

GKBO Kommunikasiekanale

Die gemeente het verskeie **kommunikasiekanale vir die vinnige verspreiding van inligting**. Die Whatsapp kanale is nie kletsgroepe nie en **slegs admins kan boodskappe versprei**.

Algemene Gemeente boodskappe:

<https://chat.whatsapp.com/EYzxKzkVq7LIq02GtRv1dq>

Skakel na die gemeente se kalender:

<https://www.gkbo.org/kalender>

Kontaknommer vir die kerkkantoor: Jenny Wendt 082 712 4629

GKBO Susters, vrouens, dames....

Daar is heelwat van ons susters wat nog nie op die Susters Whatsapp groep is nie. Ons wil baie graag ieder en 'n elk kan bereik, betrek en bedien. Skandeer die onderstaande QR kode of gebruik die whatsapp-groep skakel.



Susters whatsapp groep: <https://chat.whatsapp.com/Li6sRsiiD4Q5IyrAX6PVel>

Bolandkamp 2026

Egte geloof in 'n
kunsmatige wêreld



Graad 8 - 12's | 2 - 6 Desember
Disakloof Kampterrein, Bettysbaai

**Hierdie advertensie is gemaak deur 'n mens*



← Inskrywingsvorm



God het in die Bybel deur drome en visioene gepraat. Wat beteken dit vir ons vandag, en hoe moet ons onderskei tussen 'n gewone droom en God se openbaring?

Op verskeie plekke in die Skrif lees ons dat God deur drome en visioene met mense gepraat het. God het drome gebruik om duidelike boodskappe, waarskuwings en leiding te gee. In 'n tyd waar die charismatiese beweging groot aanhang geniet en sterk fokus op drome en visioene plaas, laat dit gelowiges vandag met 'n belangrike vraag: Beteken dit dat God vandag deur drome en visioene met ons praat? Om hierdie vraag te beantwoord, is dit belangrik om kortliks te kyk hoe drome in die Bybel gefunksioneer het en hoe God se openbaring deur die geskiedenis heen ontvou het.

Voor die sondeval het God direk met Adam en Eva gepraat en saam met hulle in die tuin van Eden gewandel. Nadat die sondeval plaasgevind het, het die mens nie meer daardie intieme toegang tot God gehad nie (vgl. Genesis 3).

In die Ou Testament was drome een van die maniere waarop God sy wil, karakter en verlossingsplan aan sy volk bekend gemaak het. Hierdie openbaring het onder andere deur profete plaasgevind. Drome was nie net toekomsvoorspellings nie, maar kon ook 'n waarskuwing wees om gehoorsaam te wees aan die Here se verbond. Die hele Ou Testament het uitloop op en vooruitgewys na Jesus Christus as die volkome vervulling van al God se beloftes.

In die Nuwe Testament kom drome nie so prominent soos in die Ou Testament na vore nie. Waar drome wel verskyn, soos by Josef, Maria se eggenoot, of Pilatus se vrou, funksioneer dit as 'n direkte boodskap waarvan die betekenis en vervulling uiteindelik in Christus gevind word.

In die Bybel sien ons verskillende maniere waarop God drome gebruik het:

1. Drome ten opsigte van die verbond aan gelowiges en die aartsvaders

In hierdie drome openbaar God Hom aan sy uitverkore dienaars om sy verbond te bevestig, hulle te vertroos of om hulle toe te rus vir hulle dienswerk. 'n Voorbeeld daarvan is Jakob se droom by Bet-El (Gen. 28:12-15), waar God opnuut sy verbond bevestig en sy teenwoordigheid belowe. In 1 Konings 3:5-15 lees ons dat God in 'n nagtelike droom aan Salomo verskyn het om 'n uitnodiging aan hom te rig om te vra wat hy begeer.

2. Drome aan heidense heersers om God se soewereiniteit te openbaar

In Genesis 20:3-7 en 31:24 lees ons dat God vir Abimeleg en Laban in 'n droom gewaarsku het om die aartsvaders en die verbondslyn nie aan te tas nie. Die Here se drome aan Nebukadnesar is ook 'n voorbeeld waar Hy sy soewereiniteit bevestig en sy koninkryk teenoor wêreldse koninkryke kontrasteer. 'n Goeie voorbeeld in die Nuwe Testament is Pilatus se vrou wat gedroom het dat Jesus onskuldig is (Matt. 27:19).

3. Profetiese en apokaliptiese drome en visioene

Ons lees in Daniël 7:1-28 oor die droom wat Daniël ontvang het oor die koms van die "Seun van die mens", wat die ewige heerskappy ontvang. Hier dien die droom as 'n direkte apokaliptiese profesie oor die Messiaanse Koninkryk. Die boek Openbaring is nog 'n voorbeeld van profetiese en apokaliptiese visioene.

4. Drome rondom die beskerming van Christus

In die Evangelies verskyn drome rondom die geboorte en vroeë kinderjare van Jesus. Josef, Maria se eggenoot, ontvang vier afsonderlike drome (Matt. 1:20-21; 2:13; 2:19-20) waarin hy beveel word om Maria as sy vrou te neem, na Egipte te vlug, terug te keer na Israel en uiteindelik uit Nasaret te vertrek. Die wyse manne word ook in 'n droom gewaarsku om nie na Herodes terug te keer nie (Matt. 2:12). Hierdie drome het 'n spesifieke doel gehad om die vleesgeworde Seun van God in sy swakheid as kind teen die duiwelse aanslae te bewaar.

Openbaring of psigologie?

Daar is 'n ander aspek wat ons ook in gedagte moet neem: die psigologiese aspek van drome. Wanneer ons aan drome dink, moet ons die wetenskaplike en psigologiese werklikheid nie buite rekening laat nie. Navorsing toon dat die oorgrote meerderheid drome 'n produk van die menslike onderbewussyn is. Drome help ons brein om dinge gedurende die slaap te verwerk, soos ervarings, trauma, wense en vrese.

Hoe moet ons drome vandag hanteer?

Dit is nie onmoontlik dat 'n droom ons tot nadenke kan bring nie, maar drome is beslis nie die norm waardeur God vandag sy wil aan ons bekend maak nie. Ons het sy Woord, en dit is waarheen ons moet gaan om God se wil te ken. Ons moet onthou:

- Drome is nie gelyk aan die Skrif nie. 'n Droom mag nooit gebruik word om nuwe leerstellings te skep of Bybelse waarhede te weerspreek nie.
- Toets alles aan die Skrif. Enige indruk of boodskap moet altyd in ooreenstemming wees met God se geskrewe Woord. Drome wat hiermee in stryd is, kom beslis nie van God af nie.
- Wees versigtig en bid. Omdat ons onderbewussyn so 'n groot rol speel, kan dit gevaarlik en verwarrend wees om elke droom as 'n direkte profetiese boodskap te probeer vertolk. As 'n droom jou bekommer of tot ernstige nadenke bring, kan jy dit in gebed voor die Here bring en met 'n betroubare gelowige daaroor praat.

God is vandag steeds kragtig aan die werk deur sy Heilige Gees. Die Heilige Gees lei ons vandag in alle waarheid, en daardie waarheid vind ons volkome geopenbaar in die onfeilbare Woord van God.

Gepubliseer in kruispad Oktober 2026 weergawe; Geskryf deur Ds Ruan Steyn

Bybelse Berading :

Kyk gerus op ons webtuiste www.gkbo.org na die volledige inligting.

Cherie Fourie : Epos: cherie@abbo.org.za; Selfoon: 083 522 7667

Fokusareas: Vroue en kinders, egskeiding, dood, rou, huwelik, mishandeling, aftrede, konflik, skolastiese vordering, selfbeeld en identiteit.

Eugene Viljoen : Epos: emyn04@gmail.com; Selfoon: 084 023 8239

Fokusareas: Algemene etiese vraagstukke insluitend seksualiteit en geslagtelikheid, genadedood, selfdoding, reg en geregtigheid, lewenseinde, huwelik, egskeiding, hertrou en huwelikvoor-bereiding.

Hennie Kruger : Epos: henniekruger73@gmail.com; Selfoon: 072 320 8170

Fokusareas: Finansiële Rentmeesterskap, rou en verliesverwerking, konflik en verhoudings.

Vorster Combrink : Epos: vorster@abbo.org.za; Selfoon: 082 872 9725

Fokusareas: Huwelik, ouer-kind-verhoudings, trauma (akuut, kronies, seksueel, post trauma); verslawings (verhoudings; middels; voedsel; geld; seks)



almal is welkom!

KERKBASAAR

Gereformeerde
Kerk Bellville

Klere, Poeding, Boeke,
Wit olifant, Boereworsrolle,
Plante, Groente, Vrugte,
Pannekoek, en nog baie meer!

31 OKTOBER 2026

BROADWAYSTRAAT 6,
BELLVILLE

VANAF 8:00

Finansies, inbetalings en verwysings

Ons moedig ons lidmate aan om hulle maandelikse bydraes en kollektes per debietorder of elektronies af te dra.

Hier is die **Zapperkode vir kollektes:**

(Kerkkasbydraes kan nie met Zapper betaal word nie.)

Vir elektroniese inbetalings in die bankrekening (**GK Bellville Oos: ABSA Tjekrek nr 1450-340-029**) gebruik asseblief die volgende verwysings:



Kerkkasbydraes: **Volle voorletters en van + Lidnommer** (Bv TBG Venter (3914)). Lidnommers verskyn op die kwartaallikse bydraekwitansies asook heel regs van u naam in die elektronies gemeenteboekie. Hierdie inbetalings sal verdeel word soos op die lidmaat se begrotingsvorm wat ons terugontvang het, andersins sal dit alles na die Kerkkas geallokkeer word.

Kollektes: **Kollekte** (kollekte word maandeliks pro-rata verdeel tussen instansies soos weekliks in die Boodskapper verskyn). Hierdie inbetalings verskyn nie op u bydraekwitansie nie.

Kosprojekte: **Manna** (Bydraes in die fonds vir kosprojekte soos aangevra). Dit verskyn nie op u bydraekwitansie nie.

Enige ander projekte: **Naam + (verwysing soos ooreengekom met sameroeper).** Stuur asseblief bewys van betaling aan die sameroeper. Dit verskyn nie op u bydraekwitansie nie.

Maak asseblief seker dat u tydens elektroniese inbetalings die verwysing nagaan. Ons ontvang gereeld inbetalings waar die lidmaat vergeet om die verwysings te verander en 'n vorige inbetaling se verwysing gebruik. Foutiewe verwysings veroorsaak verwarring en bring mee dat u fondse nie korrek geallokkeer word nie.

Baie dankie vir u samewerking hiermee!

Wat is die verskil tussen "Kerklike bydrae" (maandelikse bydraes) en "kollektes"??

Kerklike (ook genoem maandelikse of kerkkas) bydraes

Primêr vir onderhoud van eredienste, Woordbediening in die gemeente en fasiliteitsonderhoud. Dit vorm die grootste gedeelte van die gemeente se finansiële verpligtinge. Daar word 'n jaarlikse begroting vir inkomste en aanwending opgestel.

- Maandelikse/ gereelde bydraes word aangewend vir:
 - o Versorging van Predikante en Funkisionarisse
 - o Ramings aan breë kerkverband (GKSA) – bedrag per belydende lidmaat per jaar
 - o Admin en eiendomsuitgawes

Kollektes tydens eredienste

Barmhartigheidsdiens

- Elke Sondag spesifiek in die blaadjie
- Binne en buite gemeente/ kerkverband onder andere:
 - o Diaconie
 - o Huis Bolland
 - o Ander gemeentes
 - o Koninkryk -, Manna- en dakfonds

Vir meer inligting verwys asb die gemeente boekie, Boodskapper of vra gerus vir 'n ouderling of FK lid.